**KNIGHT, A. S.** ("Saturday"), die voorspeler van Pirates en Transvaal, het op 26 jarige leeftyd die Springbokkleure gedra op die oorsese toer na Brittanje in 1912/13. In 1924 het "Saturday" Knight ook as skeidsregter opgetree, o.a. op Woensdag, 20 Augustus toe die Britse toerspan van daardie jaar in Johannesburg teen die Witwatersrand met 6 : 10 verloor het.

Hy is in 1887 op Burgersdorp, K.P. gebore.

*BRON:*

CRAVEN, D. H.: (i) *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.
(ii) Persoonlike mededelings.

**LEDGER, Septimus Heyns,** Springbok op die oorsese toer na Brittanje in 1912/13 was 'n voorspeler uit Griekwaland-Wes. Hy is in 1892 op Kimberley gebore waar hy die Kimberley High School besoek en later in De Beers se Hoofkantoor gewerk het.

Hy was een van die eerste slagoffers van die Eerste Wêreldoorlog (1914-18). (Ook ander bekende Springbokke o.a. J. W. Morkel, het hulle lewens in dié oorlog gelaat.)

*BRONNE:*

(1) *Die Huisgenoot*: Bl. 77, 8 Mei 1964.
(2) CRAVEN, D. H.: (i) *Springboks Down the Years.*
(ii) *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1694.
(3) PARKER, A. C.: *The Springboks* 1891-1970, London 1970.

**LE ROUX, Japie S. en Pietie A.,** was broers en albei lede van die Paul Roos Springbokspan in 1906/7. Toe was Pietie — voorspeler van Tuine en W.P. — 21 jaar, en Japie — vleuel van Tuine en W.P. — 23 jaar oud.

Albei is in Paarl gebore en het in Wellington skoolgegaan en aan die Victoriakollege, Stellenbosch gestudeer. Japie het later prokureur geword.

*BRONNE:*

(1) *Rugby in S.A.* uitgegee deur Johnston & Neville ten behoewe van Die S.A. Rugbyraad.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.
(3) *S.A. Who's Who.* 1908, bl. 235.

**LUYT.** Daar was drie Luyt-broers wat rugbyspringbokke was. In 1910 speel Freddie (Frederick Pieter, bygenaamd „Lammetjies") en Richard Robert vir Suid-Afrika teen die Britse toerspan alhier, en in die 1912/13-Springbokspan na Brittanje het 'n derde broer nl. John Douglas saam met die ander twee aan die internasionale wedstryde teen Skotland, Wallis en Engeland deelgeneem. So iets het nog nie weer 'n gesin in ons land te beurt geval nie. Freddie en Richard — albei spelers vir Hamiltons



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en W.P. — was natuurlik van Oubaas Mark se „manne". Hulle is onderskeidelik op 26 February 1888 en 16 April 1886, te Ceres, K.P. gebore en het aan die Victoriakollege gestudeer. Eersgenoemde was prokureur en laasgenoemde verbonde aan die Ou Mutual.

"Richard Luyt was acknowledged to be the most brainy centre in the country, a player with a rare gift for summing up a situation and the possessor of a dummy in which he did a roaring trade."[3])

John Douglas het as voorspeler vir Crusaders in die O.P. gespeel. Hy is in 1885 op Ceres gebore en was leerling aan S.A.C.S. en student aan die Victoriakollege.

*BRONNE:*

(1) CRAVEN, dr. D. (i) *Oubaas Mark.*
(ii) *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.
(iii) *Springboks Down the Years.*
(2) *Rugby in S.A.* — Uitgegee ten behoewe van die S.A. Rugbyraad.
(3) PARKER, A. C. *The Springboks 1891-1970,* London 1970.

**MELLISH, Frank W.** (genaamd „Uncle Frank") het S.A. se Springbokkleure in 1921 op die oorsese toer na Nieu-Seeland gedra. Frank (Villagers en W.P.) was toe 'n voorspeler van 24 jaar oud. Hy is op Rondebosch gebore (26 Maart 1897) waar hy die Rondebosch Boys' High besoek het. Hy was met ene mej. Moodie getroud, was 'n verkoopsagent en is in 1965 oorlede.

Op die 1951/52 toer na Brittanje en Frankryk was dit die erebestuurder van die S.A. span Frank Mellish "who is was widely recognized, directed the tour with unobtrusive efficiency and yet found time to make a great success of his ambassadorial duties . . . The genial Frank Mellish, as we have seen, won the Military Cross in World War I, and led a battalion as a lieutenant-colonel, in the more recent one. He was the holder of a unique record in having played rugby football for both England and South Africa in the same year.

"This was in 1921, and Mellish represented England in the international series. Then having been demobilised, he returned to his homeland. Here, the side to tour Australia and New Zealand as the 1921 Springboks was being chosen and Mellish was included in this too."[1]

Hy was een van drie van die spanlede (van 1921) wat later S.A. keurders geword het . . . "The five Wise Heads who chose the thirty players (in 1951/52) obviously had one eye on their personal qualities — 'Uncle Frank' looked after the outer morale and Danie Craven to the inner."[1]

*BRONNE:*

(1) STENT, R. K.: *The Fourth Springboks* 1951-1952.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**MICHAU, J. P.** („Mannetjies") en J. M. ("Baby") Michau was albei lede van die 1921 Springbokspan na Nieu-Seeland — „Mannetjies" (Stellenbosch en W.P.) was toe 20 en "Baby" (Tvl.) 30 jaar oud. ". . . the two Michaus are also closely related . . . 'Baby' is the giant of this 1921 team—he is the heaviest man who has ever played for S.A., weighing 245lb. and standing 6ft. 4½in. in his boots — therefore the heaviest and tallest forward ever to play for our country."[1]) Hy was 'n gedugte voorspeler en in 1924 kaptein van die span van die Witwatersrand wat die Britte op Woensdag, 20 Augustus op Johannesburg met 10 : 6 geklop het. (By hierdie wedstryd was A. S. ("Saturday") Knight die skeidsregter.)

In die 1921-Springbokspan was daar tien Maties en Oud-Maties, soos o.a. Mannetjies Michau, Nic du Plessis, ens . . . „Mannetjies Michau self is ook deur Oubaas Mark uitgesoek. Hy skryf: „Toe ek van Cradock af op Stellenbosch kom, was ek nog maar rou gewees en het nie juis geweet waar om te speel nie. Met die eerste oefening het Baas Mark my geroep en gesê ek moet skrumskakel speel en geen ander plek nie. Vir die res van my loopbaan moes ek teen wil en dank skrumskakel speel. Maar toe hy Mannetjies ontdek het, moes hy hom nog ,maak' . . . hy moes vir lang tye die bal tussen die mure van die ou pawiljoen heen en weer skiet . . ."[2]

Albei die Michaus is afkomstig van Cradock waar hulle ook skoolgegaan het. Albei het boer geword. „Mannetjies" het ook aan die Victoriakollege, Stellenbosch gestudeer. Hy is op 6 Oktober 1901 gebore.

*BRONNE:*

(1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years.*
(2) CRAVEN, dr. D. *Oubaas Mark.*
(3) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.

**MILLS, Walter James** ("Wally") is in 1891 in Paarl gebore en ontvang skool- en universitêre onderrig onderskeidelik aan S.A.C.S. en die Universiteit van Kaapstad. Hy speel vleuel vir Hamiltons en later vir W.P., en dra Springbokkleure teen Brittanje in Suid-Afrika in 1910 en teen die Britte oorsee in 1912-13.

"Wally Mills . . . played for South Africa before he played for Western Province — the first player ever to have achieved such a distinction."[1]

*BRONNE:*

(1) CRAVEN, dr. D.: (i) *Oubaas Mark.*
(ii) *Springboks Down the Years.*
(iii) *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.
(2) PARKER, A. C. *The Springboks 1891-1970,* London, 1970.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**MORKEL:** Tussen 1903 en 1928 het altesame tien Morkels vir S.A. internasionale rugby gespeel: Andrew was die eerste een van hulle wat teen die Britte in S.A. gespeel het (1903), en weer teen die Britte oorsee (1906/07). In dieselfde span (onder Paul Roos in 1906/07) het ook nog gespeel: W. S. (Sommie), asook sy broer D.F.T. (Douggie), wat weer in 1910 vir S.A. speel en in 1912/13 die kaptein is van die Springbokspan wat toe deur Brittanje en Frankryk getoer het. W. H. (Boy) begin in 1910 speel, toer in 1912 deur Brittanje en Frankryk, en voer die span aan in aldrie internasionale wedstryde op die 1921-toer deur Australië en Nieu-Seeland.

Pieter Gerhard en sy broer Jackie speel in Billy Millar se 1912-toerspan teen die Britte — Jackie wat toe teenoor die Engelse prins van senters, Ronnie Poulton-Palmer, gespeel het, het in Oos-Afrika in die 1ste Wêreldoorlog verongeluk.

Gerhard was in 1921 nog goed genoeg om Theo Pienaar se springboktoer deur Nieu-Seeland mee te maak. Hierdie span het bekend geword as die Morkelspan — daar was vyf Morkels daarin — benewens Gerhard en sy broer Boy, ook Henry en die broers Harry en Royal.

In 1928 het die tiende Morkel nl. P.K. teen die All Blacks in S.A. gespeel. Hy was ook 'n familielid van die ander.

Pieter Gerhard, die "Prince of Full-Backs" soos hy genoem is, was die bekendste van die Morkels juis omdat hy op sy dag so 'n weergalose heelagter was, terwyl Jackie die "perfect text-book centre" genoem is. Royal was liggaamlik die reus onder die Morkels.

Die rugbyklub van Somerset-Wes het die onderskeiding gehad — die enigste in sy soort in die hele wêreld — om agt Morkels in een span te hê. In 1912 het hulle naamlik meer as die helfte van die span uitgemaak. Daar was Albert, Harry, Henry, Bertie, Gerhard, Jack, W. H. (Boy) en Johnny.

In 1691 — presies 39 jaar nadat Jan van Riebeeck sy voet in Tafelbaai aan wal gesit het — het daar twee seuns ook in Tafelbaai aangekom — een van hulle was Philip Morkel, die stamvader van die Morkels in Suid-Afrika.

Hulle vader wat in die groot Duitse hawestad Hamburg gewoon het, het hulle na die Kaap uitgestuur omdat hy nie wou toelaat dat hulle soos alle jongmanne destyds na die leër moes gaan nie.

*BRONNE:*


(a) RHOODIE, Denys O.: *Die Morkels*: Fleur vir Desember 1947.
(b) *Yskor Nuus*, Januarie 1956, bl. 19.
(c) *Outspan*, Aug. 23, 1940, p.81.
(d) *Rugby in S.A.* Uitgegee deur Johnstone & Neville ten behoewe van die S.A. Rugbyraad.
(e) PARKER, A. C.: (i) *Giants of S.A. Rugby.*
(ii) *The Springboks 1891-1970,*
(f) CRAVEN, D. H.: (i) *Springboks Down the Years.*
(ii) *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(**N.S.** In bron (e)(ii) hierbo genoem, vertel die skrywer die volgende: "Many years later, Gerhard told me that the sporting New Zealand spectators on the 'popular' side cheered him to the echoe and insisted on a celebration. 'Have a drink, Uncle' some of them shouted, and a bottle was duly passed to the Springbok full-back, as an enterprising photographer clicked his camera to record what must be an incident unique in an international match." Dit was toe Gerhard Morkel tydens die tweede toets op Eden Park, Auckland, Nieu-Seeland, 'n pragtige skepdoel deur die pale gejaag het. S.A. het hierdie toets in ideale weer voor 'n skare van 40.000 gewen met 9—5 — 'this test was later voted the best seen up to that time in New Zealand".)

**NEILL, William Allan,** is in Glasgow, Skotland gebore, maar het skoolonderrig ontvang aan die Dale College, Kingwilliamstown, vir watter dorp, asook vir die Grens, hy rugby gespeel het. In die 1906-Springbokspan na Brittanje, speel die 23-jarige Neill in die voorry vir S.A.

*BRON:*

CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.

**RAAFF, J. W. E.** ("Klondyke") is in 1879 in Kaapstad gebore. Hy het skoolopleiding ontvang aan die Kimberley High School en was later eienaar van die Royal Oak Hotel, Kimberley. Daarna het hy na Natal versit waar hy ook hoteleienaar was.

Gedurende sy rugbydae het hy gespeel vir De Beers en Griekwaland-Wes en vir Suid-Afrika in 1903, teen die Britse Toerspan hier te lande, in 1906/07 teen die Britte oorsee, en weer in 1910 toe die Britte ons nogmaals hier kom besoek het.

*BRONNE:*

(1) Briewe ged. 25/7 en 7/8/67 van die Kimberleyse Publisiteitsbestuurder.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.

**SHUM, E. H.** was een van die voorspelers uit Transvaal wat die Springboktoer in 1912/13 na Brittanje onder kapteinskap van W. A. Millar meegemaak het.

Ernest Hamilton Shum is in 1886 op Estcourt, Natal, gebore en het onderrig ontvang aan die Maritzburg-kollege en ook aan S.A.C.S. in die Kaap.

*BRONNE:*

(1) Persoonlike Mededelings deur dr. Danie Craven.
(2) PRICE, Maxwell: *Springboks in the Lion's Den.*

**STEGMANN.** Daar was drie rugbybroers Stegmann. Anton (Antonie Christopher) was in Paul Roos se span (1906/07) en sy broer Jan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(Johannes Augustus) het in Billy Millar se span (1912/13) op die vleuel gespeel. 'n Derde broer wat deur baie as die beste van die drie broers beskou is, nl. Ebbie (ook 'n vleuel) is weens 'n besering uit die Springbokspan gehou.

Anton is in 1884 op Cradock gebore waar hy skool gegaan het voordat hy op die Victoriakollege, Stellenbosch, vir predikant gegaan studeer het.

Op die 1906-toer was Anton tweede met 18 drieë (Bob Loubser het 24 gedruk). Vanweë 'n kniebesering wat hy teen Ierland opgedoen het, kon hy nie teen Wallis die volgende Saterdag speel nie. Ierland het nl. teen die Springbokke in 'n titaniese stryd met 15—12 verloor. (Die Iere het geweier om af te sien van hul groen truie en die Springbokke moes toe wit truie vir hierdie wedstryd gaan koop.) Toe die twee spanne teen die einde van die wedstryd (op Saterdag, 24 November te Belfast) elk 12 punte op die telbord had, was die hele wêreld teen die Springbokke. Anton Stegmann se kniebesering het hom toe reeds verplig om op die grenslyn te sit en aankyk hoe sy span besig was om te verloor. Kruppel-kruppel stap hy na Paul Roos (die kaptein), en sê: „Dis alles my skuld, Paul. As ons vandag verloor, speel ek nooit weer nie. Maar sorg dat ek die bal kry." Paul en sy manne het wel hiervoor gesorg en Anton het deur die Ierse verdediging gehardloop om met sy mank been die wendrie te druk.

Jan Stegmann is op 21 Junie 1887 op Bedford gebore, het op Malmesbury skool en op die Victoriakollege universitêre opleiding ontvang. Hy het later tandarts geword.

*BRONNE:*


(1) *Rugby in S.A.* Uitgegee dur Johnston & Neville ten behoewe van Die S.A. Rugbyraad.
(2) PARKER, A. C. *Giants of S.A. Rugby.*
(3) CRAVEN, dr. D.: *Oubaas Mark.*
(4) Mededelings deur dr. Danie Craven self.


**TOWNSEND, W. H.** was as heelagter uit Natal, lid van die Springbokke wat in 1921 na Nieu-Seeland getoer het en het o.a. in die eerste internasionale wedstryd op 13 Augustus te Dunedin, N.S. gespeel. In daardie jaar was hy 25 jaar oud. Hy is in Wallis gebore.

*BRONNE:*


(1) *Byvoegsel* tot *Die Huisgenoot,* 17.9.1956: „1921 se Springbokke".
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale* (*Rugby*) 1889-1964.


**VAN BROEKHUIZEN, Herman Dirk,** bygenaamd „Broekies", is op 17 Junie 1872 gebore. Reeds in 1858 het sy ouers van Holland na S.A. geëmigreer — sy vader is na die Ned. Geref. Gemeente te Winburg, O.V.S., as predikant beroep. Herman se broers en susters is in die O.V.S.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services






Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gebore, maar hy in Holland onderwyl sy ouers aldaar op besoek was.

Hy ontvang onderrig aan die Grey-Kollege, Bloemfontein en studeer te Stellenbosch. Hy gaan na Europa in 1897; studeer te Edinburgh, Utrecht en Leiden en verwerf aan Leiden die graad D.D.

Hy speel rugby vir Suid-Afrika in 1896 in die finale toetswedstryd op Nuweland waar S.A. die eerste oorwinning oor die Britte behaal. Ook vir W.P. en Stellenbosch speel hy rugby.

Na sy terugkeer na S.A. doen hy diens by die Republikeinse magte in die Tweede Vryheidsoorlog by Danie Theron se T.V.K.

Hy was predikant te Pretoria en Kuilsrivier, is in 1904 met mej. Elsie Eloff — 'n kleindogter van pres. Kruger — getroud; is tydens die Rebellie saam met genl. C. de Wet in die Johannesburgse fort opgesluit; van 1924 tot 1933 is hy parlementslid; van 1933-1939 is hy gesant in Den Haag; dien in die Raad van die Universiteit van Pretoria tot sy dood op 4 Augustus 1953 te Pretoria.

Oud-Staatpresident C. R. Swart skryf die volgende oor Mnr. Springbok L.V.: „Die eerste oud-rugbyspringbok wat die land se Raadsaal binnegestorm het, was dr. Herman van Broekhuizen . . . Hy was predikant van beroep en het later ons land op 'n ander internasionale gebied verteenwoordig — gesant in Nederland.

Hy het ook 'n forse stem (by die groot en fors gestalte) gehad en was 'n kragtige spreker soos hy 'n kragtige voorspeler in die skrum en die lynstaan was. Daarby was hy 'n imposante figuur met 'n digte bos gryse hare wat daartoe gelei het dat wyle dr. W. P. Steenkamp op 'n keer na dr. Van Broekhuizen verwys het as „die agbare lid met die woeste bos maanhare."

In sy laaste jare kon 'n mens hom elke Saterdagmiddag by klub- of ander wedstryde op Loftus Versfeld, voor die pawiljoen op 'n gemakstoel sien sit om die spel mooi te kon aanskou — 'n byna patetiese figuur maar 'n rugbyentoesias tot die einde toe.

*BRONNE:*

(a) *Rugby in S.A.*: Uitgegee deur Johnston & Neville ten behoewe van Die S.A. Rugbyraad.
(b) Mededelings deur sy seun van die Unisa-biblioteek.
(c) Registers van die Rebeccastraat-begraafplaas, Pretoria.

**VAN RENEN:** Die rugbybroers Charlie en Willie van Renen het albei vir S.A. gespeel: Charlie in 1891 en 1896 — hy en Heatlie was die enigste twee wat in 1891 en weer in 1896 gespeel het — en Willie in 1903 (senter in die eerste en heelagter in die derde toets op Nuweland).

In aldrie die genoemde jare het S.A. teen die Britte hier te lande te staan gekom. Hulle het albei vir W.P. ook gespeel.

Charles Gerhard van Renen is op 23 Augustus 1868 te Constantia in die Kaapse Skiereiland gebore; ontvang skoolopleiding aan die St.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Saviours Grammar School, Claremont en later aan die Diocesan College. ". . . he spent 40 years in the old Cape Government and Union Civil Service — all at Cape Town. . . . He retired on pension a few years ago, when chief clerk in the Deeds Office."[1]

*BRONNE:*

(1) *S.A. Who's Who,* 1908, p.417.
(2) *Rugby in Suid-Afrika.*
(3) DIFFORD, Ivor D.: *History of S.A. Rugby Football* (1875-1932).

**VAN RYNEVELD, Reginald Clive Berranje** is op 7 Julie 1891 in Kaapstad gebore, het onderrig aan S.A.C.S. ontvang en later as prokureur gepraktiseer.

Clive was Springbokagterspeler in 1910 teen die besoekende Britte, terwyl sy seun, Clive vir Engeland rugby gespeel het en S.A. krieketkaptein in 1956/7 was. 'n Ontydige besering het hom sy springbokkleure in rugby gekos.

Pa Clive was die eerste springbok met 'n seun wat aan internasionale sport deelgeneem het.

Clive het in 1910 vir die W.P.-kolleges en Kaapland ook gespeel, asook vir S.A. in die laaste internasionale wedstryd op 3 September op Nuweland waar sy span 'n wegholoorwinning van 21 : 5 oor die Britte behaal het. — "a margin victory that was not equalled until 1955."[1]

*BRONNE:*

(1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years.*
(2) *Rugby in Suid-Afrika.*
(3) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale Rugby* (1889-1964).

**VERSFELD.** Vroeg in die tagtigerjare was vier Versfelds, nl. Marthinus, Loftus, John en Charlie lid van die bekende Hamiltonrugbyklub in Kaapstad.

Die eerste paar rugbybroers wat vir S.A. gespeel het was Marthinus en Charlie („Hasie") en wel teen die Britse toerspan in 1901. Hulle het ook saam in die laaste van die drie internasionale wedstryde op 5 September op Nuweland gespeel — Marthinus (asook Ben Duff) het in aldrie die 1891-toetswedstryde gespeel.

In die heel eerste wedstryd van hierdie toer, nl. teen die Kaapse Klubs op 9 Julie te Nuweland, het „Hasie" die eerste „drie" (toe slegs 1 punt) aangeteken wat ooit teen 'n toerspan in ons land behaal is — die Britte het nl. al hul 19 Wedstryde gewen en op die hele 1891-toer is net dié een punt teen hulle aangeteken deur „Hasie" wat dus 'n unieke rol in ons rugbygeskiedenis beklee.

Marthinus en „Hasie" is albei te Constantia gebore en het die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Greenpoint Grammar School besoek.

Behalwe Marthinus en Charlie het nog twee van die Versfeld-broers, nl. J. en R. L. O. teen die besoekers gespeel, hoewel nie as springbokke nie.

Robert Loftus Versfeld (beter bekend as Loftus Versfeld) het, alhoewel hy nie 'n rugbyspringbok was nie, vir die Transvaalse Platteland op die vleuel teen die besoekers gespeel. Hy het so baie vir rugby in Pretoria gedoen (waar hy in 1888 ander weiveld kom soek het, nadat hy 5 of 6 van sy eerste rugbyjare sy bydrae in die Hamiltontrui gelewer het; in Murraysburg as prokureur werksaam was; daarna in Uitenhage die Union-rugbyklub gestig het en kaptein daarvan was) dat sy naam aan die hoofkwartier van die Noord-Transvaalse Rugbyveld (Loftus Versfeld-terrein, Pretoria) gegee is.

Loftus wat ook te Constantia, Kaap, gebore is (op 7 Desember 1862), "died of heart failure whilst watching the Transvaal vs. O.F.S. Currie Cup match at Ellis Park, Johannesburg, on 4.5.1932".[1]

L.W.: Onder 'n foto van R. L. O. (Loftus) Versfeld, op. bl. 237, *Pretoria 1855-1955* word sy sterfdatum aangegee as *5th May*, 1932 wat m.i. *4th May* moes gewees het, soos hierbo vermeld, aangesien dit op 'n Woensdag was — 'n gebruiklike rugbydag in die middel van die week. G.v.E.

*BRONNE:*

(1) DIFFORD, Ivor D.: *History of S.A. Rugby Football (1875-1932)*.
(2) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years.*
(3) *Rugby in Suid- Afrika.*
(4) *Die Huisgenoot,* 8 Mei 1964, bl. 43.

*Verder oor R. L. O. Versfeld*:

(i) *Yskor Nuus*: Aug. 1954, bl. 23: "Sportmanne — Ook hulle het S.A. help bou."
(ii) *Pretoria* (1855-1955). Geskiedenis van die Stad Pretoria — Uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria, 1955.

**VIVIERS, Stephanus Sebastian,** het aan die Springbok-toer na Brittanje (1951-1952) deelgeneem en was die kaptein van die span wat Nieu-Seeland in 1956 besoek het.

R. K. Stent skryf o.a. die volgende oor hom op die 1951-52-toer: "Basie . . . was the side's court jester and a very good one at that. His imitation of Gracie Field's rendering of 'Now is the Hour' and his impression of an eight-piece swingband would earn him an engagement on the professional stage at any time and, in more serious mood, he has shown himself the possessor of a fine tenor voice. His restrained singing of 'O Silent Night' at the impromtu Christmas Day service in Basil Kenyon's ward was a very moving thing.

'He was a member of the South African Police in Pretoria before he went mining and settled in the new O.F.S. gold town of Welkom."[1]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van hom het Danie Craven gesê: „Geen speler het nog ooit meer vir die moraal van 'n toerspan gedoen as Basie Viviers op ons toer deur die Verenigde Koninkryk en Frankryk in 1951/2 nie."[2]

Hennie Muller het weer oor hom tydens die 1956-toer gesê: „Ek glo nie 'n mens kan 'n beter toerkaptein kry as Basie Viviers nie."[2]

„Tuis is Basie die huislike man vir vroutjie, die voormalige Eunice de Wet, met wie hy op 29.4.1950 in die huwelik getree het . . . Daar is niks ter wêreld waarvoor hy so lief is as afval nie . . . hy raak stil as jy hom herinner aan die slag toe sy broek skoon van sy lyf afgeskeur is in die wedstryd toe hy Vrystaat teen die Wallabies op Bloemfontein aangevoer het — hy sê dis die grootste verleentheid waarin hy nog ooit verkeer het, en sy ore word nou nog rooi as hy daaraan dink."[3]

„Basie" is op 1 Maart 1927 gebore.

*BRONNE:*

(1) STENT, R. K. *The Fourth Springboks,* 1951-1952.
(2) *Mense,* Junie 1956.
(3) „Basie Viviers — Man van die Maand": *Rooi Rose,* Jun. 1956.

**WRENTMORE, G. Maynard,** is in 1893, in Namakwaland gebore. Hy speel rugby as senter vir Diocesan College, Elsenburg en W.P. en in 1912/13 vir S.A. teen die besoekende Britte — toe was hy maar 19 jaar oud.

"In 1919 Inter-Services Tournament, England . . . (six countries took part: New Zealand, Australia, The Mother Country, South Africa, the R.A.F., and Canada, and they finished in that order) . . . whilst among the R.A.F. players were . . . G. M. Wrentmore, the 1912 Springbok . . ."[1]

*BRONNE:*

(1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years,* bl. 70.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964. bl. 124.

G. VAN ECK.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Oorgeneem uit Die Brandwag,* 10 *Desember* 1916. *Soos destyds voorsien die firma vandag nog in die leesbehoeftes van Pretoria.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig: 22 Maart 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Old Pretoria Society**
(Founded: 22 March, 1948)

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR — EXECUTIVE COMMITTEE

*Ere-President* — Raadslid/Councillor — *Honorary President*
Ds./Rev. G. J. Davidtsz
Burgemeester van Pretoria / Mayor of Pretoria
*Voorsitter* — Mnr./Mr. N. L. P. van der Walt — *Chairman*
*Ondervoorsitter* — Prof. Dr. P. C. Coetzee — *Vice-Chairman*
*Redakteur* — Prof. Dr. F. J. du T. Spies — *Editor*
*Sekretaris* — Mnr./Mr. P. O. Kraamwinkel — *Secretary*
*Penningmeester* — Mnr./Mr. J. Bodel — *Treasurer*
*Argivaris* — Mnr./Mr. J. H. Snyman — *Archivist*
*Bykomende lede* — Mev./Mrs. Vivian Allen — *Other members*
Dr. N. A. Coetzee
Mnr./Mr. T. E. Andrews
Mnr./Mr. W. S. Robertson
Mnr./Mr. E. de V. Stegmann
Maj. N. M. Lemmer
Mnr./Mr. W. H. Punt
*Ouditeurs* — Taylor en Geerling — *Auditors*

*Redaksiekomitee/Editorial Committee*: Prof. Dr. F. J. du T. Spies (redakteur/editor), Mnr./Mr. W. S. Robertson (hulpredakteur/assistant editor), Mnr./Mr. T. E. Andrews, Dr. N. A. Coetzee.

*Bydraes moet asb. gestuur word aan/Contributions to be sent to*:
Prof. F. J. du T. Spies, Dougallstraat 191, Muckleneuk, Pretoria.

VICTORIA DRUKKERY, SWEMMERSTRAAT 504, GEZINA, PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services